## 4 Desember 2021 - Lesing 1 - Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord

**Vanuit die boek oor Siener van Rensburg, “Die Vierkleur Wapper weer”.**

*By Prieska sê oom Niklaas kan ek my perd opsaal en ek sal vir dae aaneen daar ry en ek sal nooit kan sê hoeveel Boere kom daar bymekaar nie. Want hy sê hy sien in die gesig hy is op ‘n hoogte, en voor hom word die wêreld gelyk, hol, sodat hy baie ver kan sien. Hy sê en sovêr as wat sy oog kan sien loop* ***VAAL DONKIES (EGTE BOERE)****.”*

**Laatreens vir die Dogter van Sion deur DANIEL GROBBELAAR Openbaring 30 ontvang op 19 September 2018**

MY kneg, skrywe neer wat alreeds geskrywe is deur die Pen in die Hand van MY Gees en dit sal jy vind in die Boek van MY kneg Mattheus:

***Mattheus 21:5:*** *‘Sê vir die Dogter van Sion: Kyk, Jou Koning kom na Jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en* ***Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.’***

Skrywe tot hier MY kneg, maar weet EK beplan **groot Verlossing en Genesing vir MY Boerevolk** wat hulle verseël in MY LIEFDE.”


***Luk_13:15*** *Toe antwoord die Meester hom en sê: Jou vals tweegesig,* ***maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie?*** *[Openbaring 12:14]*

***Joh 12:15*** *Moenie vrees nie,* ***Dogter van Sion****! Kyk,* ***Jou Koning kom na Jou****; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel,* ***die vul [van 'n eselin].*** *[ZekarJaH 9:9]*

***Gen 49:10*** *Die* ***Septer sal van JeHûWdah nie wyk nie****, nòg die Wetgewer tussen Sy voete uit totdat* ***Silo**** *kom; en* ***aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.***

The word 'Shiloh' is a Hebrew word—a name, really, that has two meanings attached to it. One is “**gift from God**,” the other is “**peaceful one**.”

*Gen 49:11 Hy maak Sy* ***jong esel*** *vas aan die Wingerdstok en die vul van* ***Sy eselin aan die edelste Wynstok;*** *Hy was Sy kleed in wyn en Sy gewaad in die bloed van die druiwe.*




**DIE EERSTE DRIE KERKE 451-1150 VERSAMELING EMANUEL SWEDENBORG Hoofstuk 598**

Weereens: “...**totdat Silo kom**...en hy maak sy jong esel vas aan die wingerdstok en sy vul van sy eselin aan die edelste wynstok (Gen. 49 10 -11). Dit is `n profesie oor die Meester; die “wynstok” en die “edel wynstok” dui op **geestelike** kerke. [5] Die Meester se gelykenisse oor die arbeiders in die wingerd dui net so op geestelike kerke. (Matt. 20: 1-16; 21: 33-44; Mark. 12: 1 -12; Luk. 20: 9- 16). Siende dat die “wynstok” die geestelike kerk aandui, en dat die primêre gedagte van die geestelike kerk die **naasteliefde is, waarin die Meester teenwoordig is,** en deur middel waarvan Hy Homself met die mens verenig of verbind, en dat Hy alleen al die goeie bewerk, daarom vergelyk die Meester Homself met `n “**wynstok**” en beskrywe die mens van die geestelike kerk met hierdie woorde in Johannes: “**Ek is die ware wynstok** en My Vader is die landbouer; elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. Bly in My soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van hom self as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. Dit is My gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. (Joh. 15: 1-5, 12); **uit hierdie woorde is dit duidelik wat die geestelike kerk is**.

**Numeri 22:5** Daarop het hy (Balak) boodskappers gestuur na Bíleam, die seun van Beor, in Petor wat by die Eufraat is, in die Aarde van die kinders van sy volk, om hom te roep en te sê: Kyk, daar het 'n volk uit Egipte getrek; kyk, hulle het die oppervlakte van die Aarde oordek en staan gelaer teenoor my.

22:6 Kom dan tog nou, **vervloek hierdie volk vir my, want hulle is magtiger as ek**. Miskien sal ek onder hulle 'n slag kan slaan en hulle uit die Aarde verdrywe. Want ek weet, die een wat jy seën, is geseënd; en die een wat jy vervloek, is vervloek.

22:21 Toe maak Bíleam die môre klaar en **saal sy eselin op,** en hy het weggetrek saam met die vorste van Moab.

22 Maar die Woede van Elohim het ontvlam, omdat hy weggetrek het; en **die Boodskapper van JaHWeH het gaan staan in die pad as sy teëparty**, terwyl hy op sy esel ry en sy twee dienaars by hom was.

23 En die esel het die Boodskapper van JaHWeH in die pad sien staan, met Sy ontblote swaard in Sy Hand; daarom het die esel uit die pad uitgedraai en die veld ingeloop. **Maar Bíleam het die esel geslaan** om haar na die pad te stuur.

24 Daarop gaan die Boodskapper van JaHWeH in 'n **nou pad** tussen die wingerde staan - 'n muur duskant en 'n muur anderkant.

25 En toe die esel die Boodskapper van JaHWeH sien, druk sy haarself teen die muur en druk ook Bíleam se

voet teen die muur; daarom het hy haar **weer geslaan**.
22:26 En die Boodskapper van JaHWeH het weer verder gegaan en bly staan op 'n **nou plek** waar geen pad was om regs of links uit te draai nie.
22:27 Toe die esel die Boodskapper van JaHWeH sien, **gaan sy onder Bíleam lê**. Daarop het Bíleam baie kwaad geword en die esel met 'n stok **geslaan**.
22:28 Maar JaHWeH het die bek van die esel geopen, en sy sê vir Bíleam: **Wat het ek jou gedoen, dat jy my nou al drie maal geslaan het?**
22:29 Daarop antwoord Bíleam die esel: Omdat jy die spot met my drywe. Was daar net 'n swaard in my hand - **dan het ek jou sekerlik doodgeslaan.**
22:30 En die esel sê vir Bíleam: **Is ek nie jou esel waar jy jou lewe lank op gery het tot vandag toe nie?** Was dit ooit my gewoonte om so met jou te doen? En hy antwoord: Nee.
22:31 Toe open JaHWeH die oë van Bíleam, sodat hy die **Boodskapper van JaHWeH in die pad sien staan met Sy ontblote swaard in Sy Hand,** en hy het gebuig en op sy aangesig neergeval.
22:32 En die Boodskapper van JaHWeH vra hom: Waarom het jy jou esel nou al drie maal geslaan? Kyk, **Ek self het uitgegaan as jou teëstander, want [jou] weg is onbesonne in My Oog!**
22:33 Maar die esel het My gesien en nou al drie maal voor My uitgedraai. **As sy nie voor My Aangesig uitgedraai het nie - dan het Ek jou alte seker gedood en haar laat lewe.**
22:34 Toe antwoord Bíleam die Boodskapper van JaHWeH: Ek het oortree, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie. Maar nou, as dit verkeerd is in U Oë, sal ek teruggaan.
22:35 En die Boodskapper van JaHWeH sê vir Bíleam: Gaan saam met die manne, maar net die woord wat Ek jou sê, dit moet jy spreek. So het Bíleam dan met die vorste van Balak saamgegaan.
23:1 TOE sê Bíleam vir Balak: **Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe bulle en sewe ramme**.

**EERSTE SEËN:**

23:7 En hy het sy spreuk aangehef en gesê: Uit Aram laat Balak my haal, die koning van Moab - uit die berge van die Ooste: Kom vervloek Jakob vir my, en kom, verwens JisraEl.
23:8 **Hoe sal ek vloek wie El nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie JaHWeH nie verwens nie?**
23:9 Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. **Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.**

**TWEEDE SEËN:**

23:18 Toe hef hy sy spreuk aan en sê: Staan op Balak, en hoor! Luister na my, seun van Sippor!
23:19 El is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n seun van ‘n adamiet dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?
23:20 **Kyk, ek het ontvang om te seën; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie.**
23:21 Hy aanskou **geen ongeregtigheid** in Jakob en sien **geen bekommernis in JisraEl** nie. JaHWeH sy Elohey is met hom, en die gejubel tot eer van die Koning is by hom.
23:22 El wat hulle uit Egipte uitgelei het, is vir hulle soos die horing van 'n eenhoring.
23:23 Want daar is geen towery teen Jakob of waarsêery teen JisraEl nie. Nou sal van Jakob en van JisraEl gesê word wat El gedoen het.
23:24 Kyk, 'n volk wat opstaan soos 'n leeuin, en soos 'n leeu verhef hy hom. Hy gaan nie lê voordat hy roof eet en die bloed van die wat verslaan is, drink nie.

**DERDE SEËN:**

24:3 En hy het sy spreuk aangehef en gesê: Bíleam, die seun van Beor, spreek, en die sterk man met geopende oog spreek.
24:4 Die hoorder van die woorde van El spreek, hy wat die gesigte van die Almagtige sien, **wat neerval en geopende oë het.**
24:5 **Hoe suiwer is jou tente, o Jakob, jou wonings, o JisraEl!**
24:6 Soos dale met waterlope wat hulle ver uitstrek, soos tuine by 'n rivier, soos alewees wat JaHWeH geplant het, soos seders by die water.
24:7 Water vloei uit sy emmers, en sy saad is in magtige waters. En laat sy koning hoër wees as Agag, en sy koninkryk hom verhef!
24:8 El wat hom uit Egipte uitgelei het, is vir hom soos die horing van 'n eenhoring; hy sal nasies, sy vyande, verteer en hulle gebeente stukkend breek en met sy pyle verbrysel.
24:9 Hy buig hom, **hy gaan lê soos 'n leeu (JaHshua) en soos 'n leeuin (Trooster):** wie sal hom opjaag? Geseënd is hulle wat jou seën, en vervloek is hulle wat jou vervloek!

**Die volgende aanhaling kom uit "SIENER VAN RENSBURG BOODSKAPPER VAN GOD" negende druk bl. 212.**

*“Maar die keer, het Siener gesê, sal hulle in hul duisendtalle hierheen stroom, want hy sien hulle* ***tente*** *staan van die Kaap af tot in die Kalahari en Suidwes-Afrika (Namibië). Die tente sal ook staan van Durban af tot in Mosambiek (Maputo). Dit sou tydelike verblyf aan die Christene van oor die hele wêreld bied, want in daardie tyd wanneer Europa se Sint Bartolomeusnag aanbreek, sal Suid-Afrika nie net die veiligste land ter wêreld wees nie, maar ook die enigste Christenland.*